# HOOFSTUK 3

## 'N CHRISTELIKE ANTROPOLOGIE

Ons kan by die mens vier struktuurmomente onderskei naamlik: die religieuse, die modale, die temporele en die individualiteitstruktuur. (Vgl. Spier, 1972, pp.30 - 31 en Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p.2).

### 1. Die religieuse struktuurmoment van die mens.

#### 1.1 Die herkoms van die mens.

Oor hierdie aangeleentheid is al baie beskouinge geformuleer waarvan die volgende vir ons van belang is.

##### 1.1.1 Die ewolusieteorie

Volgens hierdie teorie sou lewe spontaan uit lewelose stof tot stand gekom het. Reptiele, voëls, soogdiere en uiteindelik die mens sou deur 'n spontane ontwikkelingsproses uit eensellige organismes ontwikkel het. (Vgl. Darwin, 1909, p.926; Ross, 1962, p.51). Die bewyse vir hierdie teorie sou dan te vinde wees in die ooreenstemminge in die liggaamstrukture van die mens en dier en die treffende ooreenkomste in sommige embrionale vorms. Fossielontdekkings word ook bygehaal ter stawing van die teorie.

##### 1.1.2 Ontwikkeling onder die leiding van God.

Na aanleiding van die ryke verskeidenheid fossielvondse en ander aanduidings dat daar reeds vir miljoene jare 'n ontwikkelingsproses op die terrein van die lewende wesens aan die gang is, opper Neill die teorie dat God die skepping nie in ses dae nie, maar in ses tydperke voltooi het. Elke tydvak sou dan oor etlike duisende jare kon strek en God het die geskapene deur 'n ontwikkelingsproses volgens Sy wil en onder Sy bestuur laat plaasvind. „It is, then, possible that man as we know him today has come into being as the crowning point of a long process of development. Mind and conscience and will, and all these other qualities of which we are conscious in ourselves, did not on this view suddenly come into being in a moment. They are the full development,

reached over long ages, of similar qualities that we can see in their beginnings in the animals" (Neill, 1968, p. 14).

1.1.3 Die mens is geskape.

Vir die Christen is die ewolusieteorie onaanvaarbaar omdat hy die geskapenheid van die mens as onweerlegbare feit aanvaar. Die mens kon onmoontlik spontaan uit 'n toevallige willekeurige ontwikkelingsgang ontstaan het. Of die mens in 'n oomblik geskape is en of hy oor 'n langer tydperk onder Gods leiding ontwikkel het, is nie 'n vraag wat in hierdie werk uitgemaak behoort te word nie, want die skeppingsarbeid van God word in albei gevalle as vasstaande feit aanvaar.

1.1.4 Die mens is geskape na die beeld van God.

„En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape." (Gen. 1:27).
Oor wat presies verstaan moet word uit die term „beeld van God", is al baie geskryf en baie uiteenlopende teorieë gevorm. So ook oor watter implikasies dit vir die mens sou hê. Aangesien nêrens in die Bybel 'n uitvoerige en noukeurige antropologiese beskrywing van die mens gegee word nie, berus al die beskouinge oor wat onder hierdie term verstaan moet word, maar op menslike vertolkings van gegewens uit die Skrif.

Sommige van die teorieë betoog dat die term letterlik opgeneem moet word en dat die mens na liggaam en siel aan God gelykwaardig is. Andere beweer dat die mens, gesien in die lig van die geestelike waardes waaroor hy beskik, 'n afskaduïng is van God en in gees Sy beeltenis is; andere vertolk dit as dat die mens 'n verhoudingswese, „mens-in-relasie-tot-God" is (vgl. Taljaard, 1974, p. 6) en Kant neem die mens se vermoë om te ken en te wil (vgl. Berkhouwer, 1957, pp. 36-38) as interpretasie vir die begrip „beeld van God". Calvyn stel dit so: „De ware kennis omtrent onsself is afhankelijk van de ware kennis omtrent God. Dit vorm de sleutel tot beantwoording van de vraag: ‚Wat is de mens'?" (Vgl. Dooyeweerd, 1960,p. 184). Aan die hand van hierdie stelling moet ons hierdie term vertolk maar omdat volkome kennis van God 'n onmoontlikheid is, kan ons nooit 'n finale uitsluitsel oor hierdie aangeleentheid verwag nie. Vir die doeleindes van

hierdie studie, vertolk ons die term „beeld van God" in die lig van 'n menslike analogie met God. (Vgl. Stoker, 1967, pp. 86-98). Die mens beskik oor eienskappe analoog met die van God, na Gods beeld, met duidelike inagneming van die verduisterende invloed wat die sonde op die mens uitoefen. Faber stel dit so: „Deze schepping naar het beeld Gods wijst op affiniteit, op verwandschap tussen de levende God en de gevallen mens, op een zekere analogie entis." (Faber, 1952, p. 20). Hierdie analogie verhef die mens bo die dier, maak hom God se kind, want daardeur verkry hy geestelike waardes en kan hy hom met die sigbare en tasbare alleen nooit volkome tevrede stel nie. Hy soek steeds na die diepere grond van sy bestaan en openbaar die eienskappe wat hom as mede-arbeider vir God bruikbaar maak. So beweer Heyns: „Maar met betrekking tot die aspek van die handelswyse is bepaalde analoë strukture tussen God en mens aan te wys. God kan skep, die mens kan ook skep - al is daar 'n oneindige groot verskil tussen die skepping van God en dié van die mens. God het lief, die mens kan ook liefhê. God arbei, die mens arbei ook. God maak voorsiening, die mens ook. Wanneer die mens in al hierdie aktiwiteite optree soos hy behoort op te tree, vertoon hy aspekte van die beeld van God in hom en tree hy op as beeld van God." (Heyns, s.j., pp. 11,12).

## 1.2 Religie en geloof.

Die term „religie" is afgelei van die woord „ligare" wat „bind" beteken en by implikasie dan binding van die hart van die mens (Vgl. Strauss, Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, 1969, p.20). „Dit is daardie innerlike neiging van die menslike selfheid (ek-heid) waardeur hy sig religieus verbind aan en rig op die ware (of vermeende) Oorsprong van alle dinge." (Schoeman, s.j., p.9). Dit is dus die gerigtheid van die menslike hart op en die vertroue in een of ander mag wat hy sou beskou as bepalend vir sy lewensgang en die doel en bestemming van sy tydelike bestaan.

Die terme religie en geloof is egter nie sinoniem nie en moet nie verwar word nie. Geloof is 'n modale funksie en kan homself in baie verskillende variasies manifesteer terwyl religie 'n gedrewenheid van die selfheid of hart impliseer en gevolglik universeel by elke menslike wese teenwoordig is.

Vanuit die religieuse grondwortel (die hart, siel, ek) word die lewensuitinge van die individu gekleur deur die bepaalde geloof waartoe hy hom verbind het in antwoord op die inwerking van die religieuse motief. Elke godsdiens is dus altyd die geloofsvrug van die religie. Die aanhangers van 'n bepaalde geloof, wat as konkrete vergestalting van die religie beskou kan word, se lewensaard en optrede sal almal dieselfde „skakeringe" of „eienskappe" vertoon. (Vgl. Schoeman, s.j., p.10). Geloof impliseer godsdiens en hierdie diens wat dan aan God of 'n god gelewer word, sal sy beslag verkry van die hart waarop die religie beslag gelê het. Daarenteen is religie geen praktiese manifestasie van een of ander oortuiging nie, dit is 'n suiwere godgerigtheid, 'n soeke na 'n Oorsprong. Dit is dan duidelik dat in teenstelling met geloof, religie geen modale funksie is nie. „There is one thing however, on which we cannot lay too much stress. As the absolutely central sphere of human existence, religion transcends all modal aspects of temporal reality, the aspect of faith included" (Dooyeweerd, I, 1969, p. 57).

Taljaard wil hierdie godgerigtheid van alle mense sien as 'n verbond wat God met die mens opgerig het en wat reeds geopenbaar was voor die sondeval. „Die mens is kragtens hierdie verbond wat God met hom nog voor die sondeval gemaak het, 'n religieuse wese. Dit geld vir Christen sowel as nie-Christen. Hieraan kan die mens niks verander nie: die verbond kom van God af" (Taljaard, 1956, p. 5).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat religie nie vanselfsprekend aanleiding sal gee tot die aanbidding of aanvaarding van God as die Oorsprong nie. Die menslike hart kan hom tót of ván God rig. Voorbeelde van soeke na die Oorsprong is talryk soos blyk uit die aanbidding van Allah, Modimo, voorvadergeeste, boomstompe, hemelliggame.

Omdat die religie integraal en radikaal (radix-wortel) is, is geen lewensuiting daarvan geïsoleer nie. (Van Wyk,1973, Religie, Opvoedkunde en opvoeding, p. 5). Omdat dit op die hart beslag lê, impliseer dit dat die ganse aktlewe deur hierdie hartsoortuiging (resp. geloof) deursuur sal word. Daarbenewens is die religie totalitêr en tree in alle wetskringe op, alhoewel dit self geen modale funksie is nie.

Aangesien die wetskringe die hele lewensterrein omvat, is dit duidelik dat geen aspek van die menslike lewe van die invloed van sy geloofsoortuiging sal ontkom nie. „Omdat religie radikaal (dit wil sê na-die-wortel-waaruit-wasdom-opkom-deurdringend) en integraal (allesomvattend en universeel) op die self-heid (ek-heid, hart, siel) van die mens beslag lê, omspan dit ..... alle lewensuitgange." (Schoeman, s.j., pp. 9-10; vgl. ook Stoker, 1967, p.65). Daarom sal die godsdiens, as die mees ooglopende, maar ook die persoon se kultuurskeppinge, wetenskap, denkpatrone, sy hele lewensgang deur sy geloof beinvloed of „gekleur" word.

Die geloofsfunksie, wat dan 'n uitvloeisel is van die religieuse bepaaldheid van elke mens, is dus by alle mense ingeskape en niemand kan daarvan ontkom nie. „De geloofsfunctie is aan de menselijke natuur ingeschapen en dus aan alle mensen eigen evengoed als de denkfunctie en de gevoelsfunctie (Kalsbeek, 1970, p. 130; vgl. ook Schoeman , 1971, p.28) en „alles wat die mens doen, is ten diepste religieus bepaald en gevolglik religieus onneutraal" (Schoeman, s.j., p. 10).

Vir die Christengelowige beteken die religieuse oriëntering van die hart dat die mens hom in al sy doen en late aan die verheerliking van God sal wy en in gehoorsaamheid en onderworpenheid sal trag om Sy wil uit te voer. Vir hom word God die Oorsprong, die Alfa en die Omega, die begin en die einde van alle kosmiese dinge en die mens slegs die instrument waardeur Hy verheerlik word en waardeur die kosmos wat Hy volmaak geskape het, Sy eer sal besing en sal gedy soos Hy dit bedoel het met die skepping daarvan. So is „elke mens 'n religieuse skepsel van God en daarom is die Christenmens -in sy Christus-herbore hart onder die heerskappy van die Christelike religie -'n kneg van die Allerhoogste, d.w.s. in Christus vasgebind aan sy ware Oorsprong en in Christus uitgedryf tot die gehoorsame diens van God met sy hele hart." (Strauss, Christelike lewensbeskouing, 1969, p. 39). Die lewe van die Christengelowige sal op sterkte hiervan 'n eie karakter, 'n eie „kleur" hê, net soos elke ander manifestasie van die religie 'n eie stempel sal dra.

1.3 Sondeval.

Nadat God die skepping voltooi het, was hy tevrede en het gesien dat dit goed was (Gen. 1:31). Die feit dat die mens ook „goed" was, impliseer dat die mens se hart vanselfsprekend tot God gerig was „en in hierdie toestand was die hart en lewe van die mens in sy Godgerigtheid vry; vry in sy gebondenheid aan God, aan die Wet en aan sy skepselaard" (Kock, 1970, p. 14). Die mens word sodoende mede-arbeider van God en kan nie anders as om alles wat hy doen, tot die eer van sy Skepper te doen nie - alles wat hy doen, geskied tot Gods eer want deur sy religieuse hart, waaruit die lewensuitgange is, is hy op sy Skepper ingestel. (Vgl. Schoeman, s.j., p. 29).

Toe kom die paradyspaar teen God in opstand deur sonde te doen - 'n term wat deur Stoker só omskryf word: „Sonde is fundamenteel menslike opstand teen God en kwaad en afval van die skepping van sy bestemming wat God daarvoor bepaal het" (Stoker, 1967, p. 63). Dit kan ook beteken opstand teen God, ongeregtigheid, boosheid, vyandskap, oortreding, ens. (Vgl. Spier, 1972, p. 128). As gevolg van hierdie afval word die ganse skepping aan Gods toorn blootgestel en tref die vloek van God die geskapene, sodat mens en skepping in die Skandalon verval. (Vgl. Schoeman, s.j., p. 30). Hiermee begin die radikale en integrale afval van die Godsweë, omdat die mens se hart, wat die sentrum van sy ganse bestaan is, hom van God afwend en hy hom keer van die mens se ware Eindbestemming. (Vgl. Dooyeweerd, 1969, 2e druk, pp. 17-18). Vir die Calvinis is hierdie sonde „'n antiteties positiewe en radikale krag wat teen die goeie, soos deur God bestem, ingaan; iets wat op positiewe en radikale wyse verskeur, vervorm en verwoes, alhoewel dit nie vernietig nie omdat God Sy skepping (waaronder die mens) met Sy algemene goedheid en genade nog in stand hou. Sonde en kwaad staan as 'n positiewe krag antiteties teenoor die goeie." (Stoker, 1967, p. 63).

Die beeld van God in die mens is egter nie deur die sondeval verwoes nie. „Door de val is niets veranderd in wat de mens van God vandaan en voor God is en blijft: bondgenoot, voorwerp van liefde en dat niet alleen, ook wezen dat in staat is met wederliefde Gods liefde te beantwoorden, te luisteren, te gehoorzamen. (Van Dijk, 1963, pp. 221-222)

Hierdie beeld van die mens is egter nou verduister en as gevolg van sy sondigheid tree sy verwrongenheid aan die dag. „De mens is laag gevallen, tog draagt hij noch iets in zich van het beeld van zijn Skepper. Er is nog altijd iets van zijn vergane grootheid in hem overgebleven; gedéformeerd en ontluisterd maar niettemin in hem aanwesig"(Faber, 1952, p.22). Daarom onderhou God steeds die mens in liefde en het hy hom nie totaal voor Sy aangesig verdelg nie. Die mens bly nog God se mens met die eienskappe wat as gevolg van sy skepping as beeld Gods aan hom toegesê is, met die radikale verskil egter dat hierdie eienskappe nie nou meer outomaties tot Gods eer ontplooi nie.

Die kultuurtaak waartoe die mens oorspronklik geroepe was, is hom nie ontneem nie. Die skepping vind nog steeds sy sin en betekenis in die mens en albei word nog deur Sy grote liefde onderhou. (Vgl. Schoeman, s.j., p.30). Omdat die mens egter deur die sonde verwring is, word hierdie kultuurtaak vir die mens 'n taak wat met inspanning gepaard gaan. Waar hy voor die sondeval hom spontaan tot God gewend, en die goeie, skone en volmaakte spontaan uit die mens voortgekom het, wend hy hom vanweë die sonde nou van God af, leef in vyandskap met God, neig tot die afvallige, verkeerde, kwaadwillige en abnormale en ontbreek die spontane liefde. Sy kultuurtaak word 'n taak wat hy in die sweet van sy aanskyn moet volbring.

Dit moet beklemtoon word dat die sonde nie in die mens ingeskape is nie - dis geen skeppingsgegewene nie. Telkens word tydens die skeppingsgebeure herhaal dat alles in die skepping, mens sowel as kosmos, goed geskape was. „En toe sien God alles wat Hy gemaak het - en dit was baie goed" (Gen.1:34). Die sonde setel in die hart van die mens en vandaar werk dit verwoestend op die aktlewe van die mens. Maar omdat die hartgerigtheid in sy aanvangstadium deur die kenlewe georiënteer word, staan die wil in hierdie gebeure van afvalligheid nie neutraal nie, met die daaruitvoortspruitende gevolg dat normpositivering dikwels 'n afvallige gestalte aanneem. Mens kan dan van bewuste en selfs doelbewuste oortreding van die Wet praat. Hieruit kom ons dan tot die slotsom dat niemand as n „slegte karakter" of as misdadiger bestem is by geboorte nie, want „zonde betekend niet dat het menselijke

zijn een ander zijn geworden is" (Van Dijk, 1963, p. 231) en die mens was aanvanklik goed geskape. Ons stem hier met Stoker saam as hy beweer: „Sonde en kwaad staan as 'n positiewe krag antiteties teenoor die goeie". (Stoker, 1967,p.63).

Die mens het die taak om teen die kwaad te stry, maar hierdie stryd word weliswaar op menslike vlak aangeknoop. Vanweë sy beperkte kragte sal die mens nooit daarin slaag om die sonde totaal te oorwin nie want selfs elke poging „om 'n bepaalde kwaad te oorwin, is deurdring van en behep met sonde en kwaad." (Stoker, 1967, p. 64). Elke poging is onvolmaak en telkens sal die mens weer in die sonde verval, maar hy mag die stryd nooit gewonne gee nie en steeds streef om te wees wat God hom bedoel het om te wees.

Soos uit die voorgaande blyk, is die terrein waarop die sonde sig kan ontplooi, onbeperk en onbegrensd. Die mens kan in elke normatiewe wetskring, vanaf die logiese tot by die pistiese, oortree. Dit sou daarom 'n mistasting wees indien die terrein van sondigheid beperk word tot dié van die geloof en godsdiens. Dit is selfs moontlik om in die benede-normatiewe te sondig, deur bv. die liggaam te gebruik in 'n rol waarin dit nie tot diens en verheerliking van die Skepper staan nie soos byvoorbeeld uitsluitlik tot psigiese genot, of fisiese offerande aan afgode, ensovoorts.

## 1.4 Verlossing en herskepping.

Na die sondeval bly die mens deur Gods liefde voortbestaan, maar in 'n ander verhouding tot Hom as voorheen. In sy oorspronklike staat was hy goed, sy lewe op God toegespits en in Sy diens sonder dat hy hom daartoe moes inspan. Nou is die teendeel egter waar. Slegs deur die grootste stryd en inspanning kan die mens nou tot God nader en poog om die goeie wat van hom verwag word, te doen.

Maar reeds na die eerste sondedaad het God aan die mens die vooruitsig gestel van 'n verlossing van die straf van die sonde. (Gen. 3:15 en Dooyeweerd,II, 1969,p.35). Sonder hierdie tussentrede van God sou die mens self die straf vir die sonde op hom moes neem, wat by implikasie die verdelging van die mensheid tot gevolg sou hê. Saam met die oplegging van die straf aan die gevalle skepsel, spreek God die mens in Sy

liefde aan en gee in genade die belofte van redding en herskepping (Gen.3:15; vgl. Schoeman, s.j., p.30) ten spyte van die mens se onmag om enigiets tot sy eie heilbewerking by te dra. Op grond van hierdie belofte bestaan daar vir die mens weer die hoop op 'n herstel van die oorspronklike verhouding waarin die mens weer sal leef tot Gods eer.

Met die koms van Christus kom hierdie belofte tot vervulling, oorwin Hy die mag van die sonde en bevestig Hom as die Verlosser van die mensdom en die Middelaar tussen God en die mensdom. Deur Sy koms is die ganse mensegeslag in beginsel van die sonde verlos, maar nét deúr Christus kan die mens hierdie verlossingsdaad vir homself geldig maak. Die mens kan God slegs vind „wanneer hij zich gewonnen geeft aan Jezus Christus, het vleesgeworden Woord, die Verlosser, die ons innerlijk omzet, zodat ons ‚hart' weer gericht is op God" (Kalsbeek, 1970,p.287; vgl. ook Dooyeweerd, 2e druk, 1969,p.18).

Deur Christus is die sonde se mag oorwin, maar is die mens hoegenaamd nie volkome verlos van die sonde in sy tydelike bestaan nie. Hy bevind hom gevolglik nog voortdurend „in hierdie antitetiese spanningsrelasie van goed-kwaad" (Schoeman, 1971, p.16). Alhoewel die mens die moontlikheid van verlossing van die straf van die sonde ontvang het,moet hy self nog die wedloop voleindig, hy moet self nog steeds stry teen die mag van die sonde in sy daaglikse ontsluiting van die kosmos, in sy verhouding tot God en sy medemens, teen die bose wat in hom die stryd voer teen die goeie en hy moet self die keuse maak om Christus as Middelaar te aanvaar. „Hoewel die herskepping van die hart van die mens deur Christus finaal en absoluut versekerd is, bly die gelowige, soos hierbo aangetoon, nog daagliks in die brandpunt van die stryd tussen die civitas Dei en die civitas terrena vasgevang" (Schoeman, s.j., pp.31-32). Die finale stap moet die mens egter self doen - hy moet self Christus as sy Middelaar aanvaar en die Christelike beginsels uitleef in die uitvoering van sy dagtaak.

Uit die verlossingsdaad van Christus spruit vir die mens 'n belangrike taak. Hy moet tot Gods eer en ten aansien van die wêreld die natuur herskep en tot kultuur omvorm, op so'n wyse dat dit God al die eer sal toebring, ten spyte daarvan dat sy pogings onvolmaak en onvolledig sal wees. (Vgl. Schoeman, 1971,p.16).

Hy kan in hierdie bedeling nie weer „baie goed" wees nie. Hy moet egter deur sy godgerigte gesindheid, onder leiding van die Heilige Gees en deur Gods genade trag om tot die grootste menslik moontlike hoogte weer te vorder, tot dit waartoe God hom bedoel het om te wees, en wat vir hom deur die bemiddeling van Christus weer bereikbaar geword het en in die vooruitsig gestel word, nl. die verwerwing van die ewige lewe. (Vgl. Keet, 1945, p. 113). Op die dag van die tweede verskyning van Christus sal die taak van die mens op die aarde afgehandel wees en sal 'n nuwe verbond tussen God en die mens tot stand kom want God onderneem: „Ek sal hul ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie." (Jeremia 31: 30-34).

### 1.5 Die mens as geroepene.

„Roepingsvervulling beteken bestemmingsverwesenliking" (De Klerk, 1972, p. 207). Omdat die mens uit eie krag onmagtig is om sy eie lewe sinvol te reël, het God vir elke mens sy aardse bestemming bepaal en aan elkeen 'n bepaalde rol toegesê om te vertolk. „Want Hij weet van welk een onrust 's mensen natuur bruist, door welk een onbestendige lichtvaardigheid ze her- en derwaarts geslingerd word, hoe begerig haar eerzucht is om verschillende zaken tegelijk aan te grijpen. Op dat dus niet door onze dwaasheid en roekeloosheid alle dingen onderst boven en door elkaar zouden geraken, heeft Hij de soorten van leven onderscheiden en aan ieder zijne plichten toegewezen.... heeft Hij zulke soorten van leven roepingen genoemd. Aan ieder is dus zijn eigen soort van leven als een wachtpost voor de Here toegekend." (Calvyn, Institutie, III,X,6, p.225). God het die mens geroep as mede-arbeider (De Klerk, 1972,p.206) en so het Adam reeds in die tuin van Eden die opdrag gekry om die diere name te gee en die tuin te bewerk. (Gen. 12:15). Daarom sien die Christen in kultuurvorming nie alleen 'n taak en opgawe nie, maar 'n opdrag en 'n roeping. (Vgl. Heiberg, 1972, p. 135).

Maar die wyse waarop hierdie roeping uitgevoer en kultuur geskep word,mag nie op willekeurige wyse geskied nie. Wanneer die mens sy roeping realiseer „is dit in sy wese diens aan God en gehoorsaamheid aan die Goddelike ordening in die menselewe", d.w.s. „om mens te wees en mens te word volgens God se plan" (De Klerk, 1972, p. 210).

In hierdie verhouding van die mens tot God is dit vanselfsprekend dat die sentrale liefdeswet: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" en „jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (vgl. Matt. 22:37-39) tot eer van Hom en tot grootmaking van Sy naam, sentraal moet staan. „But the religious command of love understands the neighbour as a member of the radical religious community of mankind in its central relationship to God, who created man after His image. Therefore, it is truth, the radix of all modal aspects, which unfolds to divine law in temporal reality" (Dooyeweerd, I, 1969. p.60).

Sy geroepenheid hang saam met die uniekheid van elke mens. Elke mens is 'n eenmalige unieke samestelling van vermoëns en moontlikhede. „I alone among all these billions of individuals of all kinds am myself, identical with nothing but myself." (Brunner, 1942, p.280).

Elke mens se roeping is 'n streng persoonlike aangeleentheid want in sy kultuurtaak word elke mens spesifiek aangespreek. Die rol wat elke besondere mens moet vervul in die ontplooiing van die kosmos kan deur niemand anders vertolk word nie want „He gives me an unconditional calling which cannot be exchanged for any other; that which through His gift is my task no other person in even the very last degree, can take away from me" (Brunner, 1942, p. 284). Dit beteken dus dat roeping en roeping van geval tot geval verskil, dat daar 'n differensiasie van roepings is en dat elke mens daarom 'n eie taak om te vervul en 'n eie bestemming het. (Vgl. Stoker,I, 1967, p. 134).

Dit is dus duidelik dat die mens elke oomblik van sy lewe as geroepene in diens van God staan. Elke oomblik is hy geroepe om keuses te maak en kultuur te skep soos sy bepaalde roeping vereis. Die mens moet geroepenheid of sy bepaalde roeping nie interpreteer as een enkel taak, bv. dié van predikant, onderwyser, posbode of wat ook die geval mag wees nie. Elke oomblik van sy lewe en in al sy optrede het hy 'n roeping te vervul. „God roep die mens nie net nou en dan, en nie net hier en daar tot sy lewenstaak nie. God roep die mens elke oomblik van sy lewe, waar hy hom ook al mag bevind" (Stoker, 1941, p. 249). „Hy is geroepe om te doen wat sy hand vind om te doen" want „roeping is universeel en omvat meer as net 'n bepaalde beroep" (Stoker, I, 1967, p.133).

Die terrein waarop die geroepenheid van die mens tot uiting kom, is drieledig van aard. „Mens-zijn is naar zijn wezen een zijn-in-relaties, in de drievoudige relatie tot God, de medemens en de natuur. De mens is dat wat hij bedoeld te zijn, als kind van God, als naaste van de medemens en als heer van de natuur (Berkhof, 1962, p. 46)

### 1.5.1 Betrokkenheid op God.

In die lewe van die Calvinis staan die ek-God relasie in 'n sentrale rigtinggewende en deurslaggewende posisie. Die absolute heerskappy van God oor die skepsel en skepping spreek uit die vergelyking van God as die pottebakker en die geskapene as die klei. „Die ganse skeppingswerklikheid is trouens aan die konstante en onveranderlike Wil van God onderworpe en wel in die verhouding van die Ewige tot die tydelike, die Selfgenoegsame tot die afhanklike, die Alsoewerein tot die wetsonderdaan" (Strauss, 1953, p.17). Gevolglik bepaal en reël hierdie Ek-God verhouding as kern van die Christelike religie, die terrein en omvang van alles wat die mens onderneem, van „menslike betrokkenhede, aspekte en verhoudinge, op 'n radikale wyse" (Schoeman, 1971,p.17). Die mens is dus in alles wat hy onderneem op God betrokke en word beperk en gelei deur Sy wil, bevele en beperkinge. (Vgl. Brunner, 1942, p.25).

Ook dit wat hy weet, word deur God aan hom openbaar en slegs deur sy betrokkenheid op God kan die mens hom self ken want „....man can only understand himself when he knows God in His Word." (Brunner, 1942, p.65).

Sy Godbetrokkenheid het vir die bestaan van die mens radikale betekenis en lê aan die wortel van sy ganse bestaan. Die mens, geskape na Sy beeld, is analoog aan God, (vgl. Stoker, 1967, pp. 86-98), geroepe as mede-arbeider, mede-skepper en gevolglik ontplooier van die heelal - God neem die mens in vennootskap met Hom. (Vgl. Schoeman s.j., p.17).. Maar in sy skeppingstaak is die mens nie alleenlik op die tydelike toegespits nie. Sy taak dra 'n „bowe-tydelike dimensie" (Schoeman, 1971, p.17), want hy is geroepe om kultuur te skep en natuur te ontplooi tot Gods eer en Sy verheerliking.

Vir hierdie taak rus God die mens toe met die religieuse ingesteldheid - 'n gerigtheid op sy Oorsprong wat sy lewe rig op en in diens stel van sy Oorsprong of vermeende oorsprong. Hierdie „innate religious impulse" bring by die mens die behoefte tot stand „to concentrate his whole temporal life and the whole temporal world upon the service of love to God" (Dooyeweerd, 1960, p. 189). As ons van hierdie verhouding afwyk, ons religieuse hart, die wortel van ons denke, van God rig, verkry ons optrede 'n afvallige karakter en kan die mens nie sy kultuuropdrag uitvoer soos wat God dit met Sy skepping van die mens en die kosmos bedoel het nie. (Vgl. Strauss - Christelike Wetenskap, p. 24).

### 1.5.2 Sy betrokkenheid op die medemens.

In sy geskapenheid as beeld van God beskik die mensheid oor uniforme, tipies menslike, hoedanighede. Ten spyte egter daarvan beskik elke mens afsonderlik oor spesifieke vermoëns en hoedanighede en word die mensheid in sy geheel gekenmerk deur „'n deur-God-ge-wil-de multiformiteit." (Schoeman, 1971, p. 18). Hierdie multiformiteit beklemtoon nie net die individualiteit van elke mens nie, maar as gevolg van die onderling aanvullende vermoëns waaroor individue ten opsigte van mekaar beskik, beklemtoon dit ook hul onderlinge afhanklikheid van en aangewesenheid op mekaar. Die ganse mensdom is in sy geheel op mekaar betrokke en vorm 'n geïntegreerde eenheid.

Ten spyte daarvan dat geen mens met die medemens identies is nie, ontleen ons aan die Calvinisme die siening van gelykwaardigheid van mense. As gevolg van die mens se geskapenheid as kind van God, kan daar geen sprake wees van 'n meerderwaardigheid van een mens teenoor 'n ander nie. Hierdie standpunt impliseer egter geensins die gelykheid van mense nie. (Vgl. Kruger, 1972, p. 44). Deur God is 'n wye verskeidenheid ingeskape vermoëns aan elke individu afsonderlik toegeken volgens elkeen se roeping. Hieruit volg dan dat daar 'n oneindige reeks menslike verhoudings sal ontstaan as gevolg van die onderlinge afhanklikheid van mekaar, soos die ouer-kind verhouding, die verhouding van die onderdaan teenoor die regeerder, die werkgewer-werknemer verhouding, waarin elke individu 'n aan-hom-toegesegde posisie moet inneem. Die noodsaaklike voorvereiste in hierdie relasies is egter dat hierdie kosmiese andersheid na

God heenwys" (Schoeman, 1971, p. 18). Daarom kan die Calvinis hom met geen vorm van hiërargie vereenselwig nie, en kan gesagsposisies en gesagshandhawing slegs erken en aanvaar word waar dit in ooreenstemming met die Wet van God is. (Vgl. Schoeman, 1971, p. 18).

Dit blyk dan dat die mens „'n eenheidswese , 'n individueel-sosiale twee-eenheid, wat tegelyk enkeling asook verbondswese, is." (Schoeman, 1971, p. 18). Elke mens is 'n individu met 'n eiesoortige persoonlikheid, samestelling en roeping wat egter nie in afsondering tot volle ontplooiing kan kom nie. Hy is tegelyk eiesoortige selfstandige individu asook lid van 'n gemeenskap, in groepsverband. Hy's gesinslid, volksgenoot, staatsburger, kerklidmaat, medemens, waar hy met sy eie karakteristieke eienskappe opgaan in sy verbondenheid en afhanklikheid van die sosiale groep. (Vgl. Stoker, 1967, p. 248).

### 1.5.3 Betrokkenheid op die natuur

Na die skepping het die mens sy opdrag ontvang: hy was geroepe om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak. Na die sondeval word sy kultuurskeppende taak duideliker omlyn en uitgebrei (vgl. Vollenhoven, 1968, p. 81): „onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see, en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen.1:28). Sy werksaamhede is nou nie meer net tot die tuin van Eden beperk nie, maar strek oor die hele aarde - die hele skepping word die mens tot arbeidsterrein gegee en hy word dienskneg maar ook mede-arbeider deur sy beheersende skepping tot Gods eer.

Deur hierdie opdrag tot kultuurskepping word die mens die konsentrasiepunt van die kosmos omdat „alle dinge slegs in betrokkenheid op die mens sinvol kan wees en deur die mens, na God kan uitwys".(Vgl. Calvyn, Institutie,II, 2,13-17). As kroon van die skepping verkry die mens die vermoë tot die verwesenliking van die natuur dws. die skepping van kultuur, wat inderdaad impliseer die toepassing van Goddelike mag as mede-arbeider van God. (Vgl. Schoeman, 1971, p. 26). Aanvaarding of weiering van hierdie taak word sodoende 'n religieuse daad. Alle kultuurarbeid is in sy diepste wese religieus bepaald want die Calvinis glo dat God die Oorsprong is van alle dinge - ook van die aanleg van die mens om kultuur te vorm. Hy aanvaar

daarbenewens ook dat God 'n wet neergelê het waarvolgens die natuur tot kultuur omvorm moet word./ Omdat God die mens na Sy beeld geskape het en hom sodoende tot kultuurskepper bestem het, word hy as mede-arbeider gebruik in die vervulling van Sy raadsplan. Ten slotte glo die Calvinis dat God elke mens geroep het om bepaalde kultuur te vorm tot eer en verheerliking van God, die Allerhoogste. (Vgl. Stoker, 1967, pp. 126-127).

Die mens kan egter nie na willekeur kultuur skep nie. In sy kultuurarbeid is die mens gebonde aan die norme en ordinansies van God, die wette van die natuur en die beperkinge van sy vermoëns soos aan hom toebedeel - inderdaad almal ordinansies van God. (Vgl. Stoker, 1941, p. 247). Vind kultuurskepping binne hierdie raamwerk plaas, voer die mens sy roeping as Gods mede-werker uit. Vind dit daar buite plaas, maak die mens hom skuldig aan die skepping van wankultuur en „maak hy 'n bespotting van die natuur" (Schoeman, 1971,p.26). Sy religieuse ingesteldheid neem die sentrale posisie in en vir die Calvinis kan sy taak geen ander vorm aanneem as ter verheerliking van Hom wat hierdie ryke verskeidenheid moontlikhede en vermoëns tot die beskikking van die mens gestel het nie.

God stel aan die mens geen onmoontlike taak nie. Die hele skepping is só verordineer en geskape dat die natuur hom tot kultuurskepping leen. Die kosmos kan slegs deur die mens tot sinvolle ontsluiting gevoer word. Aan elke natuurding is vasstaande en betroubare eienskappe toegeken, elk het sy eie kenmerkende struktuuraard. Ook die wette in die natuurryk is só gegrondves dat dit presies beantwoord aan die gebruik wat ons daarvan behoort te maak. Daarom kan ons met sekerheid tel (getalswette), meet (ruimte), beweeg, kweek en die dier tem. (Vgl. Strauss, 1953, p. 23). Aan die mens is dit opgedra om hierdie natuur in kultuur te omvorm. In die uitvoering van sy opdrag is dit vir hom slegs moontlik om kultuur te skep want die basiese struktuuraard van elke ding is onveranderlik en vasstaande. (Schoeman, 1971,p.19).

In sy kultuurvormende arbeid as mede-arbeider van God is die mens, benewens sy gebondenheid aan die strukturele wetmatighede van die natuurdinge ook normgebonde. Hy is geroepe om die natuur te ontplooi in ooreenstemming met die plan wat

God daarvoor verordineer het. Sonder hierdie normstelling sou die mens geen taak gehad het nie en soos plant en dier aan 'n gelykmatige ontwikkelingsgang deel gehad het. (Strauss, 1953, p.28).

Deur sy vermoë tot normpositivering word die mens in die bevoorregte posisie geplaas om die gegewe natuur in 'n ryke verskeidenheid vorms te herskep. Vergelyk byvoorbeeld die ryke verskeidenheid leefwyses, godsdiensvorme, regeringsvorme en die konkrete uitinge in kerkgeboue, beeldhouwerke, kunsvorme, kleredragte, ensovoorts. In die ontwikkelingsgang van die beskawing is ons geroepe om ons kultuurbesittings in 'n ryke verskeidenheid te laat ontplooi, „anders is ons tradisieslawe". (Strauss, 1953, p. 29).

In die natuur speel die heerlikheid, grootheid en mag van die Skepper hom af. Hieruit spreek Sy grootheid want „hy is ook daarvan immers die Ontwerper". (Strauss, 1953, p.29). Vanselfsprekend sal enige kultuurskepping tot die eer van Sy naam moet geskied.

Die uniekheid van die mens se kultuuropdrag blyk uit die feit dat nét hy tot God kan nader want slegs hy is in staat om willens gebruik te maak van die skeppingsgegewene om dit in diens van Hom aan te wend. Slegs hý word geroep tot normpositivering en kultuurskepping in diens van God as mede-arbeider. Slegs hy is in staat om sy religieuse Godgerigtheid te vergestalt in 'n godsdiens wat tot konkrete uitdrukking kom in die gebruikmaking van die gegewene uit die skepping en natuur, soos deur God aan die mens beskikbaar gestel.

God het die mens van die nodige toerusting vir die vervulling van sy taak voorsien. Aan elke mens word vermoëns voorsien in verhouding met die taak wat aan hom opgedra word. (Stoker, 1941, p.249). Omdat elke roeping 'n intiem persoonlike opdrag is en elkeen 'n spesifieke taak het, sal elke mens se toerusting vir die vervulling van sý taak, verskil van dié van 'n volgende individu. Hierdie ryke differensiasie van aanlegte, vermoëns, talente en roepings, bring mee dat die natuur in al sy fasette ontplooi kan word en kultuur op alle terreine van die menslike bestaan gevorm kan word. Sodoende vind „*elke* mens en elke samelewingskring sy besondere bestemming op aarde

in sy besondere roeping" (Stoker, 1967,p.134) en word die ganse natuur, alle skeppingsgegewene, vir die mensheid toeganklik gemaak deur die verskillende vermoëns wat aan verskillende mense toebedeel is.

Benewens die individueel-persoonlike toerusting wat aan elke mens toebedeel is, is aan die mens in die algemeen ook besondere toerusting vir die beheersing van die natuur voorsien, toerusting waaroor nóg stof, nóg plant nóg dier beskik. Deur sy aktstruktuur beklee die mens 'n besondere plek in die skepping. „God skenk aan elke mens 'n voortreflike arbeidstoerusting waarin ons - behalwe gevoel en liggaam - ook die verskeidenheid van ons geestestoerusting aantref, want die mens kan ontleed (denke), beheersend vorm en bou (geskiedenis), simboliserend aandui en meedeel (taal), onderling verkeer (omgang), bespaar (ekonomie), tot skoonheid harmoniseer (kuns), vergeld (reg), redelik liefhê (moraal) en glo (geloof)" (Strauss, 1953,p.22).

Daarby voorsien die Skepper selfs die voorskrifte waarvolgens die mens moet arbei want in Sy Woord openbaar Hy aan die mens „die skeppingsordonansies vir elke lewensgebied, wat saam ons lewensuitgange beheers wanneer ons onder beheersing van 'n christelik-georiënteerde hart ons Christelike roeping vervul" (Strauss, 1953, p.223).

Die mens skep nie outonoom nie en geen roeping word in isolasie vervul nie. As sosiale wese bly die mens op sy medemens aangewys om die hoogste trap van roepingsvervulling te bereik. Aangesien kultuurskepping van die mens as individu, maar ook as sosiale wese afhanklik is, volg dit dat kultuur ook sekere individuele en sosiale momente sal besit. „As gevolg van sy eie aard druk die kultuurskeppende mens sy eie persoonlike stempel op al sy kultuurskeppinge af, dog omdat dit wat goed, reg, skoon, ensovoorts is, nie bepaal word deur of in belang is van die mens as persoon of sosiale wese wat kultuur skep nie"(Schoeman, 1971, p.27) moet sy skeppinge plaasvind in ooreenstemming met die kultuurnorme wat God vir die mens verordineer het.

### 1.6 <u>Gesag en vryheid</u>.

1.6.1 <u>Gesag</u>. Alle menslike gesag is God-verleende gesag wat sy oorsprong het in God en nie in die mens nie. „Hy is die Bron

van alle gesag en dus ook die Oorsprong van alle ampsbevoegdhede" (Strauss, 1953, p. 34). Uit hoofde van sy vrye kultuurskepping en ontplooiing van die natuur, verkry die mens gesag. „Geroepe tot onderwerping en beheersing van sy aardse tuiste, is die kroon van die skepping 'n gevolmagtigde ampsdraer by uitnemendheid." (Strauss, Christelike lewens- en wêreldbeskouing, p. 33).

Uiteraard is hierdie verleende gesag normatief en taakstellend, want alle kultuurskepping is onderworpe aan die normatiewe wetsorde soos in die Woord geopenbaar. Dit is dus duidelik dat die gesag van die gesagsdraer beperk en begrens is. Benewens die beperkinge van die norme van die Wet begrens die mens se eie aangebore vermoëns en die wetmatighede van sy arbeidsmateriaal sy taak. Geen menslike gesag is alomvattend of totalitêr van aard nie,(Stoker, 1956, p. 19) maar in ooreenstemming met die taak waartoe elk geroepe is.

Uit hoofde van hierdie gesagsbeperking spreek dit vanself dat die mens homself nie met gesag moet probeer beklee waartoe hy nie geregtig is nie. Binne die samelewingsverband bestaan baie verskillende samelewingsvorme - elk met sy eie besondere gesagsmanifestasie. Die gesagsdraer beskik slegs oor dié gesag wat hom vanweë sy besondere posisie in 'n bepaalde verband toeval. Hierin lê die beperking van sy gesag„want gesag kan nie vanuit een bepaalde verband na 'n ander oorgedra word nie." (Schoeman, 1971, p. 23). Die predikant mag nie op die terrein van die motorwerktuigkundige, die onderwyser op die terrein van die skoolhoof en die werker op die terrein van die werkgewer oortree nie. Wie poog om totalitêre gesag te verwerf is „op die weg van die Antichris soos wat die Skrif hom teken: 'n wêrelddiktator met allesdekkende gesagsbevoegdhede - radikaal teenoor Christus" (Strauss, 1953, p. 35).

Die gesagsdraer het egter die verantwoordelikheid om die gesag wat aan hom toevertrou is, te gebruik. Die betrokke menslike verband kan alleen tot sy reg kom en in sy volheid ontplooi as die gesagsdraer sowel as die gesagsonderdaan die eiesoortigheid van elke struktuur erken. Geen gesag mag genivelleer word nie, want „neem die gesagsverhouding weg, dan vernietig u die menslike verband self"(Stoker, 1941,p.231).

Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband die wanorde wat intree wanneer die predikant of die ouer nie die gesag wat aan hul toebedeel is, uitoefen nie.

Indien die gesagsdraer nalaat om sy gesag uit te oefen, mag dit egter nie tot ampsveragting aanleiding gee nie, want die gesag is onverbreeklik met die amp verweef. As die enkele ouer nie sy kind sou tug nie of 'n besondere onderwyser sou nalaat om sy gesag uit te oefen, laat dit nog hoegenaamd nie die amp gesagloos nie (vgl. Strauss, 1953, p. 35).

Wie gesag verag en weier om hom daaraan te onderwerp, ondergrawe die fundamentele riglyne van alle christelike samelewingsverbande. In Sy skepping is die wye verskeidenheid ampte elkeen met 'n spesifieke gesag beklee want „daarsonder sou die magte van die duisternis 'n onbeteuelde bewind onder ons voer"(Strauss, 1953, p. 35). Gesagserkenning en -handhawing bevorder die ontluiking van elke struktuur soos wat dit in die skeppingsverband bedoel was. Daardeur kan die opvoeding van die kind tot sy reg kom en kan die predikant reg aan sy taak laat geskied. Daarom kan gesagsonderwerping en -uitoefening nie anders gesien word nie as 'n Christelike plig. (Vgl. Strauss, 1953, p.35).

Die Christen mag nie toelaat dat die maghebber sy gesag misbruik om tussen hom en God te gaan staan nie. Aan gesag wat in stryd is met die Goddelike opdrag mag die mens nie gehoor gee nie en het die onderdaan die verantwoordelikheid om met alle mag daarteen te protesteer want „hy moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die gesaghebber". (Strauss, 1953, p.36; vgl. ook Stoker, 1941, p. 228).

Ooreenkomstig die doel van elke geskape struktuur, mag die kultuurskepping nooit tot gesaghebber verhef word nie. Alle kultuurskepping staan in diens van die mens en tot verheerliking van die Skepper. Die mens mag nie die slaaf van sy Skepping wees nie en geen kultuurskepping mag as instrument gebruik word om Godsgesag mee te vervang nie. Geld, geleerdheid, kennis, kan niks anders as slawe van die mens wees nie. Ware gesag kan nooit van immanente oorsprong wees nie want dit kan alleen sy Oorsprong in God vind.(Vgl. Schoeman, 1971,p.22).

3. .2 Vryheid.

In sy geroepenheid word die mens direk deur God aangespreek. Die mens word aangespreek as mede-arbeider en ontvang 'n taak waarvoor hy vermoëns en genormeerde voorskrifte ontvang waarvolgens hy sy taak moet aanpak. In sy funksie as mede-arbeider word die mens egter nie verslaaf nie. Hy is „geen onderhorige, geen slaaf, geen rat in 'n masjien nie, maar 'n verantwoordelike, selfbewuste veroorsaker van sy beantwoording aan of verkragting van sy roeping" (Stoker, 1956, p. 29).

Die keuse-vryheid waaroor die mens beskik, beteken egter nie algehele vryheid nie. In sy vryheid is hy gebonde om te kies: vír of teén God. Neutraliteit is onmoontlik want selfs so'n standpunt impliseer die keuse daarvan. „Man must take a position and he does so even when he refuses to take one. Even his refusal is a ‚position' "(Brunner, 1942,p.285). Hierin setel die grondslag van ons vryheid want niemand kan my beroof van my eie persoonlike stellingname nie. Steeds is dit moontlik om bewustelik te kies vir of teen my roepingsvervulling.(Vgl. Brunner, 1942, p. 285).

Soos Adam beskik het oor vryheid van keuse om op Gods bevel te antwoord of dit te negeer, so is die hedendaagse mens ook vry om die gehoorsaming van die Wet te aanvaar of te verwerp. Voor die sondeval was sy vryheid ongebonde, hy het uit vrye wil Gods Wet gehoorsaam. Na die sondeval het hierdie vryheid verlore gegaan en kan die mens slegs vry wees „solank die mens op die wil van God betrokke bly"(Wolmarans, 1932,p.190). „Slegs in Gode-betrokkenheid kan die mens vry wees. Gehoorsaamheid vorm daarom 'n hoeksteen in die uitoefening van vryheid." (Schoeman, 1971, p. 24).

Vir die praktiese uitlewing van sy vryheid, is genoegsame kennis van die Wet van God en die daarin geformuleerde norme en kennis van die wette van die natuur, die sosiale orde en kennis van homself, 'n voorvereiste. Orals word die mens eers vry, as hy ten opsigte van die wette van die natuur, die norme van die kultuur en die aard van sy aanlegte gehoorsaam is.(Stoker, 1941, p. 252). Vir die praktiese uitvoering van hierdie vereistes is kennis daarvan onontbeerlik, omdat onkunde en vryheid onversoenbare begrippe is. (Vgl. Schoeman, 1971, p. 24).

Uit wat reeds genoem is, blyk dat die mens in al sy keuses antwoordend optree. In sy antwoord op die eis van die werklikheid kan die mens positief in ooreenstemming met die genoemde vereistes antwoord, of hy kan hulle negeer. Sy keuse is 'n toerekenbare en verantwoordelike waarvan hy sélf die verantwoordelikheid sal moet aanvaar want „sy antwoording in woord en daad kan aan hom toegereken word en hy kan daarvan rekenskap gee" (Stoker, 1956, p.27).

Uit sy vryheid om kultuurbesittings en beskawingsgang in ryke verskeidenheid te laat ontplooi (vgl. Strauss, 1953, p.29) spruit die mens se verantwoordelikheid teenoor God, wat die Skepper en Onderhouer van hierdie verskeidenheid is. God het deur Sy Wet die norme verskaf vir die kultuurskeppende aktiwiteite van die mens in die uitvoering waarvan hy verantwoordelike gehoorsaamheid eis. Vir die Calvinis bly gehoorsaamheid aan God die middelpunt van sy optrede, sodat „in fundamentele sin die take aan die mens gestel uit God, die antwoording van die mens deur God en sy verantwoording weer tot God is." (Stoker, 1956,p.29).

2. Die modale struktuurmoment van die mens.

2.1 Die liggaamlike struktuurgeheel.

Die menslike liggaam is 'n unieke, komplekse samestelling bestaande uit vier deelstrukture, te wete die fisies- chemiese, die biotiese, die psigiese en die normatiewe funksies. (Vgl. Dooyeweerd, s.j., Stelling X, p.3; vgl. ook Spier, 1972, p.117). Elk van hierdie strukture is te onderskei, maar nie te skei van die ander nie en sodoende vorm die menslike liggaam 'n enkaptiese struktuurgeheel waarin elke funksie slegs in sy samehang met en afhanklikheid van elk van die ander verstaan kan word en slegs in hul samehang die menslike liggaam in sy geheel vorm. (Vgl.Venter, s.j., p.32). Dooyeweerd beskryf die menslike liggaam só: „Het menselijk lichaam is opgebouwd als een enkaptisch geheel in een viertal individualiteitstructuren, waarvan telkens de lagere in die hoogere morphologisch gebonden zijn. De natuurlijke lichaamsvorm of lichaamsgestalte is dus het knooppunt der vervlechtingen tusschen de onderscheiden structuren. Deze structuren behouden ook in haar onderlinge vervlechting haar interne eigenwettelijkheid en souvereiniteit in eigen kring" (Dooyeweerd, s.j., Stelling X, p.4).

Die universaliteit-in-eie-kring van elke struktuur, maak hul onderlinge vervlegting moontlik, maar as gevolg van hul soewereiniteit-in-eie-kring is geeneen herleibaar na 'n ander struktuur nie. (Vermeulen, 1971, p.128; vgl. ook Dooyeweerd, II, 1969,p.14).

### 2.1.1 Die deelstrukture.

#### 2.1.1.1 Die fisies-chemiese deelstruktuur.

Hierdie liggaamstruktuur omvat die fisies-chemiese stowwe wat vir die instandhouding van die fisiese liggaam benodig word, d.w.s. die elemente wat aan die chemiese wetenskap bekend is, maar op 'n wonderlike wyse in die liggaam verbind is tot 'n substraat - beide wat die struktuur en die prosesse daarvan betref. (Vgl. Kock, 1974, p.6 ). Dit vorm die fisiese, die sigbare liggaam wat moet dien as uitdrukkingsveld van die geestelike funksies van die mens. Venter ontleed die liggaam se samestelling soos volg: (Venter,s.j., p.18):

Genoeg water om 'n 10 gelling vat te vul.
Genoeg vet om 7 stene seep te maak.
Koolstof vir 9000 potlode
fosfor vir 2,200 vuurhoutjies
yster om 1 gemiddelde spyker te maak
genoeg kalk om 'n hoenderhok uit te wit
en 'n klein hoeveelheid magnesium en swawel.

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat hierdie struktuur, wat die modale funksies van getal, ruimtelikheid, beweging en energie omvat, nie die totale mens nie, maar slegs die fisiese mens, die fundamentele basis-struktuur van die menslike liggaam wat vir sy opbou en instandhouding nodig is, verteenwoordig. (Vgl. Spier, 1972, p.117). Eers in sy vervlegting met die ander strukture verkry dit vir mens-wees betekenis.

#### 2.1.1.2 Die biotiese liggaamstruktuur.

Hierdie struktuur omvat die biotiese lewensfunksies van die mens, dit wil sê die „bio-impulse wat die fisies-chemiese struktuur ontsluit en lei"(Kock,1970,p.7). Dit is dus die „lewe" wat van 'n fisies-chemiese samestelling 'n lewende organisme maak. As 'n lewende liggaam doodgemaak

word, dus, van sy biotiese funksie ontdoen word, bly die fisies-chemiese samestelling steeds behoue, maar die bioties-gekwalifiseerde enkaptiese funksies van die liggaam het verdwyn en is die fisies-chemiese samestelling alleen nie meer in staat om die lewensfunksies van die liggaam of organisme voort te sit nie. (Vgl. Kock, 1974, p.7). Die biotiese impulse wat kenmerkend van hierdie struktuur is en wat die vroeëre funksies samehangend rig op die opbou en instandhouding van die menslike lewe ontbreek. Dooyeweerd beweer ten opsigte van die biotiese funksie: „Zij beheerscht in interne souvereiniteit in eigen kring de vegetatieve lichaamsprocessen, voor zoover deze buiten de typische leiding van die gevoelsfunctie en de latere functies vallen".(Dooyeweerd, s.j., Stelling XIII,p.5).

2.1.1.3. <u>Die psigiese liggaamstruktuur</u>

Hierdie struktuur omvat die sinnelike gevoelslewe van die mens. „Deze derde structuur beheerscht in interne souvereiniteit in eigen kring de functies van het sensibele, centripetale zenuwstelsel (in't bijzonder van de zintuigen, de hersenen, het ruggemerg en het klierstelsel) en de daardoor geinnerveerde spierweefsels (de meeste dwarsgestreepte spieren), die in haar typische gerichtheid door de zinnelijke gevoelsfunctie, binnen zekere grenzen buiten beheersching door den menselijken wil vallen" (Dooyweerd, s.j., Stelling XIII, p.5; vgl. ook Dooyeweerd, 1969,pp.111 - 117). Hierdie liggaamstruktuur omvat die mens se hele onwillekeurige gevoelslewe met inbegrip van ongewilde reaksies soos bloos, bleekword van bv. angs, rooiword van bv. woede, frons, ensovoorts (Kock, 1970, p. 91).

2.1.1.4 <u>Aktstruktuur.</u>

Waar die subjekfunksies van stof deur die fisies-chemiese, plante deur die biotiese en diere deur die psigiese respektiewelik as die hoogste strukture gekwalifiseer word, styg die mens bo hulle almal uit en word hy gekwalifiseer deur 'n vierde liggaamstruktuur, die sogenaamde aktstruktuur, oftewel die liggaamstruktuur van die normatiewe menslike handelinge. Alhoewel aldrie die ander strukture by die mens teenwoordig is, is dit duidelik dat geeneen daarvan by die mens individueel kwalifiserend kan wees nie,

maar dat hulle fungeer binne 'n enkaptiese verbondenheid en vervlegtheid met mekaar, telkens onder die beheersende leiding van die hoëre struktuur. Asgevolg hiervan kan ons die eerste drie strukture bestempel as die „natuurlike deel" van die mens, terwyl die aktstruktuur as die normatiewe „deel" van die mens beskou kan word. „Hierdie aktlewe neem op sy beurt al die genoemde substrukture in sy diens en rig hulle sentraal vanuit die „hart", gelei deur die geloof wat die mens bind aan die Woord van God" (Kock, 1974, p.7).

Alhoewel die eersgenoemde drie strukture ook by die dier voorkom, moet ons daarop let dat die mens selfs nie in hierdie drie funksies „dierlik" of aan die dier gelykwaardig is nie, want die aktstruktuur plaas sy stempel op die hêle liggaam, sodat die genoemde drie strukture 'n tipies menslike kwalifikasie verkry. Asgevolg van genoemde gemeenskaplike strukture moet die mens nie beskou word as 'n dier plus nog iets ekstra nie. By 'n vergelyking van die menslike en dierlike gevoelslewe tree die verskil dadelik aan die lig. Dierlike gevoel is suiwer sinnelik. By die mens egter verkry die gevoelslewe verdiepte betekenis onder leiding van die aktstruktuur. Na 'n paar bewolkte dae sal die mens op 'n daaropvolgende sonnige dag vrolik en op intensionele wyse die sonskyn geniet en moontlik selfs sy dagprogram wysig om die maksimum genot uit die sonskyn te put. By die dier sal die verdiepte vreugdegevoel egter ontbreek en sal hy normaalweg in sy gewone gang voortgaan sonder om selfs te besef waarom omstandighede verander het.

„Onder ‚akte' verstaan die Wysbegeerte van die Wetsidee die innerlike werksaamhede van die mens waardeur hy, onder invloed van die bo-psigiese, d.w.s. die normatiewe gesigspunte, intensioneel-bedoelend besig is met die werklikheid (resp. sy verbeeldingswêreld) en hom hierdie werklikheid eie maak deur dit op sý selfheid te betrek" (Vermeulen, 1971, p. 130). Kortliks is dit dus die innerlike verwerking van 'n situasie wat moet dien as motivering van 'n wilsbesluit wat 'n moontlike daad voorafgaan. Ons maak hier 'n duidelike onderskeid tussen die voorafgaande akt en die daaropvolgende moontlike handeling. Vanselfsprekend sal alle akte nie op handelinge uitloop nie.

Die akte fungeer deur die drie grondrigtinge: ken, wil en verbeel. Hierdie drie vermoëns fungeer egter nie geïsoleerd

van mekaar nie en kan ook nie elkeen onafhanklik van die ander optree nie, omdat „zij volkomen in elkaar grijpen" (Spier, 1950,p.120). Spier toon hul onderlinge verbondenheid aan met die volgende voorbeeld: Hoekom koop 'n mens? Die mens koop omdat hy begeer, maar die mens begeer nie as hy nie ken en sy verbeelding op die voorwerp rig nie. Die handeling word voorberei en gebore uit die kennende, willende en verbeeldende lewe van die mens (vgl. Spier,1972,p.124).

Uit bogenoemde blyk dit dat die aktlewe van die mens intensioneel van aard is en plaasvind in die innerlike van die mens. „Intensioneel met iets besig wees, wil sê: daarmee besig wees op innerlike wyse; die kennende, willende en verbeeldende aandag rig"(Spier, 1972,p.118). In die proses van innerlike verwerking van gegewens verander die werklikheid waarmee die aktlewe hom besig hou, uiterlik en fisies niks. Hierdie struktuur rig egter al die normatiewe funksies van die liggaam op 'n enkele gekose doel. Hierdie innerlike proses kan 'n handeling fundeer en so vind die mens se daadlewe dan sy oorsprong in sy aktlewe. (Vgl.Vermeulen, 1971,p.131). In die handeling kom die akt tot verwerkliking. Sonder hierdie verwerklikingsmoontlikhede sou die aktlewe van die mens min waarde hê want kultuur word immers deur dade geskep.

As gevolg van die feit dat die aktlewe met die innerlike van die mens te doen het, speel die „hart", die „ek" van die mens 'n deurslaggewende rol in sy aktlewe, en vorm inderdaad die religieuse grondwortel wat bepalend werk in alle akte. „Die aardse, tydelike of liggaamlike bestaan van die individuele mens is gekonsentreer in die hart. Dit is eintlik die mens self in die religieuse sentrum, die brandpunt, van sy bestaan, terwyl die liggaam (dit is die volle mens na sy uitwendige bestaan in die tyd) die uitdrukkingsveld is van die hart of siel of gees" (Kock, 1970,p.12). Die rigting van die hart is die fondamentsteen waarop die mens se ganse aktlewe rus en van waaruit dit sy beslag vind. Dit is daarom 'n vanselfsprekende onmoontlikheid dat enige denker sonder die „inmenging" of rigtingbepaling van die hart tot 'n suiwer rasionele filosofiese gevolgtrekking kan kom. Teenoor die suiwere rede spreek Kalsbeek hom uit: „Hiertegenover betoogt nu de W. de W. ... met klem dat de wijsbegeerte als puur rationeel denken, onaf-

hankelijk van iets anders, niet kan bestaan. Zij is onzelfgenoegsaam. Integendeel, het wijsgerig denken is van de religieuze beslissingen afhankelijk. Onze ‚ikheid', onze ‚zelfheid', onze ‚hart', of hoe men het noemen wil, uit zich in handelen, spreken,voelen, geloven, zonder daarmee saam te vallen" (Kalsbeek, 1970, p. 47 ).

Aansluitend hierby kan ons konstateer dat elke filosofie wat die mens wil kwalifiseer as 'n redelik-sedelike of sedeliketiese wese of 'n wese wat op enige wyse deur sy tydelike bestaanswyse gekwalifiseer word, nie houdbaar is nie en dat dit neerkom op die degradering van die mens. Die menslike lewe is dieper verwortel en die sin van die menslike lewe word nie deur sy funksies gekwalifiseer nie. (Vgl. Vermeulen, 1971, p. 133).

Hierdie selfheid of hart of siel van die mens waaruit „die uitgange van die lewe" (Spreuke 4:23) is, gaan ons denke te bowe en is nie daardeur te ontleed of te verklaar nie. Vanweë die innerlikheid, sy betrokkenheid op die ekheid, en die intensionele karakter van die aktlewe, is die dade wat daaruit voortvloei, aan die mens toerekenbaar.

Die aktlewe van die mens moet egter nie as van suiwer bo-psigiese aard gesien word nie, want dit betrek ook al die ander strukture van die mens, sodat die fisiese, biotiese en die psigiese by elke akt betrek is. Die wetenskaplike wat in sy laboratorium besig is, is immers fisies daar teenwoordig, lewe en beleef of voel die apparaat wat hy hanteer. Oor sy optrede moet hy dink en op grond van sy denke tot handeling oorgaan. Sonder die fundering van die ander strukture is die akt nie moontlik nie en kan op sterkte daarvan ook nie beskou word as 'n on-liggaamlike funksie nie. Dit is wel te onderskei, maar nie te skei van die ander liggaamstrukture nie. (Vgl. Kock, 1973, p. 94).

Die aktstruktuur omvat die analitiese, historiese,linguale, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese modale funksies. Dit is opmerklik dat stof deur die fisies-chemiese,die plant deur die biotiese en die dier deur die psigiese as leidende modale funksie gekwalifiseer word. Hulle kan slegs binne die raamwerk van 'n groep modale funksies

wat telkens deur 'n leidende funksie afgegrens word, optree. Asgevolg hiervan is optrede in 'n modale funksie, buite die gestelde raamwerk, nie moontlik nie. Daarom is daar by stof en plant bv. nie sprake van etiese of godsdienstige beginsels, en by die dier van bv. ekonomiese strukture sprake nie. „Every radical type, qualified by a typical leading function, implies an inner restriction and limitation of the internal temporal destination of the individual beings enclosed in it" (Dooyeweerd, III, 1969, p.88).

Die mens is egter nie so'n radikale tipe nie en interessant is dit dat hy as kroon van die skepping gevolglik nie deur 'n enkele modale funksie getipeer word nie. Asgevolg van die wye verskeidenheid van oriënterings wat spruit uit hul gefundeerdheid in elke besondere hart, is die onmoontlikheid van tipering deur 'n enkele modale funksie ooglopend. Die mens het 'n ewige bestemming en kan deur geen tydelike funksie gekwalifiseer word nie. (Vgl. Vermeulen, 1971, p. 132). Hy moet sy bestemming uitwerk deur 'n onderlinge inwerking en vervlegting van al die modale funksies gesamentlik, gelei deur 'n korrekte hartsgesindheid. Alle normatiewe liggaamsfunksies word, volgens Spier, op individuele wyse saamgebundel en gerig op 'n individuele doel, naamlik op 'n bepaalde menslike handeling, bv. die skryf van 'n brief, ensovoorts. (Vgl. Spier, 1972, p. 118). Op hierdie wyse geniet hy 'n besondere vryheid en kan hy God dien deur ál sy modale funksies en ook sodoende as méns sy roeping vervul.

Daar dien op gelet te word dat by die aktstruktuur 'n onderskeid gemaak moet word tussen die bewussyn en die onderbewussyn, oftewel, 'n bewuste bolaag en 'n onderbewuste onderlaag. Hier is geen sprake van twee aparte entiteite nie,maar slegs 'n bo- en onderstroming van dieselfde struktuur. Die onderbewuste is 'n integrale deel van die aktlewe en is „hiërargies onder die bewuste bolaag georden en vorm die noodwendige steunvlak van die bewuste lewe. Dit waarborg ook die kontinuïteit van die bewussyn" (Kock, 1970, p. 93).

## 2.2 Kennisverwerwing.

„De wereld is zó geschapen, dat ze voor de mens kenbaar is, en de mens is zo geschapen, dat zijn menszijn mede kennisverwerving inhoudt" (Popma,s.j.,p.4).

Die ken-aktiwiteit het voor oë die insameling van kennis en „kennis wil zeggen: „bezit van waarheid"" (Spier,1950, p.71). Omdat elke mens na waarhede, vastigheid en sekerhede soek waarop hy sy toekoms kan begrond en voortbou, ondersoek hy die werklikheid en probeer dit deurvors om die waarheid te probeer oopdek. Geen mens sal egter in hierdie gebeure vorder as hy nie oor denk-sekerheid beskik nie, d.w.s, nie seker is dat dit waarmee hy hom besig hou, korrekte en betroubare kennis sal oplewer, wat 'n getroue en betroubare weergawe van die kenbare is nie. Sy dryfveer is tog immers die bruikbaarheidswaarde en betroubaarheid van sy verworwe kennis.

In hierdie handeling moet ons egter onderskei tussen twee soorte kennis waartoe die mens kan geraak, nl. naïewe kennis en wetenskaplike kennis.

### 2.2.1 <u>Naïewe kennis.</u>

Naïewe kennisverwerwing kan ons as onwillekeurige of ongesistematiseerde waarneming en kennisname bestempel. Dit is van voor-teoretiese of voor-wetenskaplike aard, en in sy ontwikkelingsgang neem die mens dinge in hul onderlinge verband en samehang met mekaar waar. „In sy alledaagse belewing van die werklikheid, dit wil sê, in die mens se naïewe ervaring waarin dinge sistaties, m.a.w. alsydig beleef word en waarin by die mens weinig sprake van doelbewuste, „teenoorstellende" denke is, daar beskou hy dinge onkrities en in hulle volheid en totaliteit, in hul strukturele eenheid." (Schoeman, s.j.,p.6). Nogtans is hierdie kennis nie vanweë hul „onwetenskaplikheid" verwerplik nie want in elke mens se lewe speel dit elke dag 'n integrale rol. 'n Groot aantal van die oordele wat daagliks gevel word, berus op kennis wat op naïewe wyse, sonder deeglike wetenskaplike deurgronding, verwerf is, of aan wetenskaplike ontleding onderworpe was. Inderdaad is dit ook die mees algemene wyse van verwerwing van nuwe kennis. Hierdie wyse van kennisverwerwing oorskry selfs die grense van die geskape werklikheid, iets wat in die wetenskaplike ondersoek nie moontlik is nie. So bv. maak die wetenskaplike onbewysbaarheid van die bestaan van God, nie die oortuiging van Sy bestaan ongedaan nie.

Kenmerkend van hierdie wyse van kennisverwerwing is dat

dit hom rig op die volle individuele realiteit soos dit in die werklikheid bestaan, met al sy funksies en eienskappe in hul totale samehang. Die werklikheid word waargeneem in al sy aspekte in sy warme levensverbondenheid. (Vgl. Spier,1950,p.72). So kan ons die persoonlikheid van 'n mens in sy geheel beskou, sy karakter in sy totale verbondenheid met die totale liggaam waarneem en tot gevolgtrekkings geraak.

Naïewe kennis is sterk gebonde aan en betrokke op sintuiglike indrukke van die konkrete, aangesien ons in ons waarnemings op ons sintuie aangewys is. Daarom is hier nie sprake van 'n geordende sisteem of vaste patroon van ondersoek nie - dit geskied inderdaad onsistematies, terwyl die wetenskaplike ondersoeker sistematies en op streng geordende wyse te werk gaan in sy ondersoek. (Vgl. Spier, 1950, pp. 73-74).

Ten spyte egter van die onvaste en onwetenskaplike voet waarop hierdie wyse van kennisverwerwing staan en te werk gaan, speel dit nogtans 'n belangrike en onontbeerlike rol by die verwerwing van kennis.

Vanselfsprekend speel die religieuse gerigtheid van die hart onweerlegbaar 'n rol in die finale gevolgtrekking wat volg op die waarneming. (Vgl. Spier, 1950, p. 72).

2.2.2 <u>Wetenskaplike kennis</u>

Waar die naïewe kennis sake in breë verband waarneem, is dit vir wetenskaplike kennis nodig om te abstraheer en te isoleer - slegs 'n gedeelte of onderdeel van die werklikheid word ontleed en ondersoek. Sodoende word gepoog om onbelemmerd en op suiwer wetenskaplike basis die wetmatighede wat in die ondersoekmateriaal verskuil lê, oop te dek. Om tot 'n suiwere gevolgtrekking te kom, gaan die wetenskaplike dan ook analities te werk, op 'n streng geordende wyse.(Vgl. Spier, 1950, pp. 73-74).

2.2.3 <u>Die beperkinge van ons metodes</u>.

Ten spyte van ingewikkelde metodes van ondersoek moet die mens besef dat hy nooit die werklikheid ten volle sal kan deurvors nie. Die rykdom van Gods kennis is vir die mens 'n onuitputlike bron en treffend is die feit, dat, namate die mens dieper in die geheimenisse delf en nuwe kennis blootlê,

steeds nuwe vergesigte sig vertoon en nuwe raaisels opduik. Hoe meer uitgebreid die kennis waaroor die mens beskik, hoe groter word sy besef van die onbenulligheid en ontoereikendheid van sy kennis.

Wetenskaplike ondersoek bring die ondersoeker, ten spyte van die beste bedoelinge en noukeurigste metodes en prosesse, nie noodwendig tot korrekte gevolgtrekkings en suiwere kennis nie. Asgevolg van foutiewe of wanvertolking van die gegewene, kan hy foutiewe gevolgtrekkings maak. Van die verskillende vertolkings van beskikbare gegewens getuig die groot aantal verskillende geloofsoortuigings, politieke partye, filosofiese opvattinge, ensovoorts wat vandag gehandhaaf word, en elke voorstander van 'n besondere rigting is oortuig dat hý met die volle waarheid besig is en die beskikbare gegewens korrek vertolk.

O Oor die onmag van die mens om werklik tot die Oorsprong deur te dring, skryf Heineman: „Gott kann sich aber muss sich nicht in jedem Momente offenbaren. Objektiv offenbart er sich nicht in jedem Atom, jedem Elektron, jeder Wille, jedem Ding, jedem Steine und in jedem lebendigen Wesen das er schafft. In ihnen tritt er ans Licht aber offenbart er sich jeder Seele die sich ihm öffnet. Die unendliche Fülle der göttlichen Strahlen trifft einen jeden, aber nur wenige verstehen ihre Sprache" (Heineman, 1957, p.140). Wie is hierdie weiniges? Dit is hulle op wie se hart die Gees van God beslag gelê het en wat dus die besondere openbaring van God (die Heilige Skrif) ken. Calvyn het gesê die besondere openbaring is die bril waardeur die algemene openbaring herken kan word. + Brun a Spier Heineman

3. Die temporele struktuurmoment van die mens.

3.1 Inleiding.

Die mens bestaan in die tyd en al sy doen en late word deur die tyd begrens. „Die mens is temporeel, tyds (nie tydelik nie)- hy het „ na liggaam en siel" 'n ewigheidsbestemming . As skepsel is hy aan tyd onderworpe - altyd" (Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p.4).

Die mens ontwikkel volgens 'n bepaalde wetmatige ontwikkelingsgang na liggaam en gees. Hy gaan onafwendbaar deur 'n aantal stadia. Na die liggaam moét die mens voortgaan deur

die stadia van geboorte, suigling, kleuter, adolessent, volwassene en uiteindelik sterf hy. (Vgl. Kalsbeek, 1970,p.152). Hierdie gang is kenmerkend menslik en geen mens kan daaraan ontkom nie. Hierdie patroon van voortgang is ook nie omkeerbaar nie. 'n Mens kan nie sterf voordat hy gebore is nie en kan nie oud word as hy nie kleuter was nie.

In sy geestelike ontwikkelingsgang kan ook duidelike opeenvolgende stadia van ontwikkeling onderskei word. (Vgl. Coetzee, 1960, pp. 113-216). Progressief word hy meer volwasse en tree al meer selfstandig op, totdat hy 'n taak as volwassene kan aanvaar.

Die mens, soos elke ander geskape ding, fungeer in die tyd en verkry op so'n wyse 'n bepaalde karakter.(Vgl. Spier, 1972, p. 58). Die tyd tree dus ook op aan die subjeksy van die geskape werklikheid. „Andersyds tree die tyd ook aan die subjeksy van die geskapene op en kom dus tot uiting in die doen en late van alle skepsele - mens, dier, plant en ding. Trouens, alles wat 'n konkreet-individuele bestaan het, fungeer deur sy aktiwiteite in die tyd." (Spier, 1972,p.58; vgl. ook Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p. 18). Op die wyse verkry elke mens 'n bepaalde beeld wat hy in die werklikheid vertoon want elke mens fungeer op 'n individuele wyse. Omdat elke modale funksie van elke mens op 'n spesifieke wyse fungeer, is dit vanselfsprekend dat geen twee mense in hul voortgang dieselfde beeld sal vertoon nie, maar elkeen 'n eiesoortige „struktuur" sal vorm. Hierdie beeld wat hy as mens tussen sy medegangers vertoon, sal uiteraard ook ten nouste saamhang met die ontwikkelingstrap of stadium waarin hy verkeer. Die kind vertoon 'n beeld wat by kinders tuishoort maar nie by 'n volwassene aanvaarbaar is nie. Die omgekeerde is ewe waar.

„Elke mens beskik oor 'n tydsbesef" (Spier, 1972,p.57). Die tydsbesef by die mens gee sin en betekenis aan sy voortbestaan en sy daaglikse bemoeiinge. Hy weet intuïtief dat daar 'n môre sal wees, dat daar in die toekoms soortgelyke situasies sal opduik as in die verlede, dat hy nie net vir die oomblik lewe nie.

## 3.2 Die uitdrukking van die tyd in al die modaliteite.

### 3.2.1 Inleiding.

Omdat elke mens in die tyd optree of „fungeer", druk die tyd hom op tipiese wyse in alle modaliteite uit. (Vgl. Spier, 1972, p.58; Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p.8; Kalsbeek, 1970, p. 152).

### 3.2.2 Getalsaspek (volgorde)

Die lewe van die mens verloop in 'n normale leeftyd deur 'n vaste aantal fases vanaf geboorte tot by sy sterwe. Hierdie gang is onomkeerbaar en elke stadium word net eenmaal deurloop.

### 3.2.3 Die ruimtelike aspek (gelyktydigheid)

Die mens staan gelyktydig in die kosmos teenoor en tussen sy mede-mense, en in 'n bepaalde verhouding teenoor God. Ten opsigte van die kosmos staan elke mens op 'n bepaalde tydstip in 'n bepaalde situasie of 'n bepaalde opset van gebeure wat op 'n bepaalde wyse hanteer moet word- en waarin hy op 'n tipiese wyse optree. Die situasies verander van oomblik tot oomblik. Ook teenoor sy mede-mens en God staan hy van oomblik tot oomblik in 'n bepaalde verhouding. Die belangrikste kenmerke van hierdie gelyktydige voortbestaan is dat die situasie van die mens in sy verhouding teenoor sy medemens en in die kosmos van oomblik tot oomblik wissel, omdat albei partye veranderlikes is. In sy verhouding teenoor God is hy egter die enigste veranderlike, omdat God ewig en onveranderlik is. Sy optrede in die geskape werklikheid sal gedurig beplan moet word om veranderende toestande die hoof te bied, terwyl sy verhouding en optrede tot God 'n permanente karakter kan dra.

Dit is nou ook só dat die mens se verhouding teenoor sy Skepper sy optrede in die wêreld bepaal want wie en wat hy as sy Oorsprong aanvaar, bepaal hoe hy kultuur skep, wat die sin en betekenis van sy eie lewe is en hoe hy sy lewenssituasies inrig.

Vanweë die aanvaarding van die roepingsgedagte neem ons ook aan dat die samestelling van elke situasie waarin die mens hom bevind, die gelyktydige samevoeging van verskillende omstandighede, deur die Skepper vir elke mens van oomblik tot oomblik bepaal word. Dié betrokke mens en dié betrokke situasie bestaan gelyktydig sodat hý sý aandag daaraan kan bestee om sodoende sý roeping te vervul.

3.2.4 Die kinematiese aspek (bewegingsduur)

Die tyd „staan nie stil" nie. Daar is gedurige veranderings. In die mens se lewe geld hierdie stelling eweneens. Hy is nie vandag wat hy gister was of môre sal wees nie. Selfs al sou hy poog om homself konstant of onveranderlik te hou, sal hy nie daarin slaag nie. Omdat hy bestem is om sy Skepper te dien, moet hy fisies en geestelik voortgang toon, sodat hy tot taakaanvaarding kan kom. Hy raak gevolglik fisies meer volwasse, terwyl hy ook sy geestelike waardes uitbou. Pogings om staties te bly, is antinormatief want elke mens streef na vooruitgang en verbetering van sy lewensituasie, wat sy omstandighede ookal mag wees.

3.2.5 Die fisiese aspek.

Vanaf 'n bevrugte eisel tot op die sterfbed is die mens afhanklik van die voortdurende wisseling van fisiese stowwe. Hierdie stowwe word in die liggaam opgebou en uitgeskei, opgebruik en weer aangevul. Hulle is egter nie permanent beskikbaar nie en moét met verloop van tyd weer aangevul word vir 'n gesonde lewenssiklus.

Die mens benodig in sy lewenssiklus op verskillende stadia verskillende hoeveelhede van bepaalde stowwe. Vergelyk byvoorbeeld die aanbevole voedingskemas vir klein kinders in vergelyking met dié van volwassenes en bejaardes.

Fisiese tyd kan met 'n horlosie gemeet word en in die hedendaagse lewe speel fisiese tyd 'n belangrike rol in elke mens se lewe.

3.2.6 Die biotiese aspek.

Soos in die inleidende paragraaf aangedui is, ontwikkel die mens deur verskillende periodes of fases na volwassenheid - liggaamlik sowel as geestelik. Liggaamlike groei is 'n noodsaaklike voorvereiste vir geestelike groei, maar die een impliseer nie noodwendig die ander nie. In ooreenstemming met elkeen se roepingsopdrag sal hy groei tot op 'n bepaalde stadium soos wat dit vir hom bepaal is. Omdat hy egter aan die tyd gebonde bly, kan hy hierdie groeiproses nie sonder nadelige gevolge verhaas of vertraag nie. Die tyd gaan sy gang ook in hierdie opsig.

3.2.7 Die psigiese aspek:

Ten opsigte van sy gevoelslewe beleef die mens die

tyd op 'n heel besonderse wyse. Dit verskil geheel van bv. fisiese tyd. Kenmerkend van hierdie belewing is dat situasies wat met aangename gewaarwordinge gepaard gaan „gou" afloop in teenstelling met dié wat met onaangename situasies gepaard gaan. Laasgenoemde is van „lange duur". Vergelyk byvoorbeeld 'n aangename aandjie by die bure, wat baie „gou" om is, met 'n halfuur in pyn of spanning wat soos 'n ewigheid voel.

Die invloed van bepaalde psigiese gewaarwordinge duur by verskillende mense en selfs by 'n enkele mens nie altyd ewe lank nie. As algemene reël kan aanvaar word dat gevoelens wat intens ervaar word, die mens langer bybly as dié wat minder intens ervaar is. Vergelyk byvoorbeeld die intense **haat van** 'n persoon teenoor iemand wat hom ernstige leed berokken het, met dié teenoor iemand wat sy hoenders gesteel het. In die eersgenoemde geval mag dit 'n lewenslange gewaarwording bly, terwyl die gevoelens in laasgenoemde geval relatief gou verdwyn. So sal gebeurtenisse wat by een mens 'n intense gevoel opwek, 'n ander moontlik min raak.

Onder leiding van die aktstruktuur kan egter heelwat verandering in die duur van gevoelens bewerkstellig word. Só byvoorbeeld is dit moontlik om haatgevoelens te onderdruk of doelbewus simpatieke gevoelens jeens iemand te kweek en in stand te hou.

### 3.2.8 <u>Die logiese aspek.</u>

„Hierdie tyd ontdek ons in die voortgaande <u>dinkproses</u>. Die een gedagte volg nie alleen op nie, maar volg ook uit die ander" (Spier, 1972, p. 60). Die mens kan slegs deur logiese redenasie waarin een stap uit 'n vorige volg tot 'n gegronde gevolgtrekking kom. Daarom is dit vir hom moontlik om steeds verbeteringe aan te bring in bepaalde stande van sake. Uit dit wat reeds aan hom bekend is, volg nuwe gevolgtrekkings, sodat hy vir homself verbetering kan bewerkstellig. Omdat die mens in sy voortgang afhanklik is van sy logiese abstraksies om kultuur te skep en sy kultuurskeppende opdrag te kan uitvoer, het die Skepper die kosmos ook só geskep dat die mens in die tyd stelselmatig ál meer van die natuurwette kan oopdek namate beskikbare kennis die oopdek en afleiding van nuwe waarhede moontlik maak. Hierdie is dan ook een van die funksies van die mens wat hom baie duidelik van die dier onderskei. Die

dier is totaal afhanklik van sy instinkte en nie in staat om logies en stap-vir-stap tot 'n gevolgtrekking te geraak of deur logiese denkpatrone sy leefwyse te verbeter nie.

3.2.9 <u>Die historiese aspek.</u>

Die lewe van die mens dra 'n duidelike historiese stempel van voortgang in die tyd. Die hedendaagse mens leef nie meer soos dié van honderd jaar gelede nie en oor 'n honderd jaar verder sal die lewenswyse weer veel anders wees. Wat vandag van waarde en van groot belang is, mag spoedig as uitgedien beskou word. Daar is 'n voortdurende verandering in die lewenswyse van die mens aan die gang omdat hy steeds na vooruitgang streef.

Maar hierdie veranderinge geskied nie oornag nie. Dit is nie moontlik om oornag 'n barbaarse staat in 'n beskaafde samelewing te verander nie. Verandering vind geleidelik en stap vir stap plaas en vernuwing vind sy grond in reeds gevestigde gebruike en gewoontes. Só beweeg elke kultuur deur 'n proses van voortdurende vernuwing wat gesien word as verbeteringe van gebruike en gewoontes wat in swang is.

3.2.10 <u>Die linguale aspek</u>

In die taal kan woorde op verskillende wyses ingespan word. Vir doeltreffende kommunikasie is dit egter noodsaaklik dat elke woord in die sin die presiese betekenis wat daaraan geheg word, sal laat uitkom. Om dit te bewerkstellig, moet elke woord op die regte plek in die sin staan: „Die spesifieke linguale tydsvorm tree in die volgorde van die woorde op want nie alleen elke gesproke en geskrewe woord sê iets nie, maar ook die orde waarin die woorde geplaas word." (Spier, 1972, p.60).

3.2.11 <u>Die sosiale aspek.</u>

„In die sosiale omgangsmodaliteit tree die tyd as sosiale gelyktydigheid op en ook as sosiale opvolging" (Spier, 1972, p.60).

Omdat die mens bewus is van die tyd, is dit vir hom ook moontlik om saam met andere te reël om gesamentlik of gelyktydig op 'n plek bymekaar te kom of te wees. Hierdie feit is vir die mens van die grootste belang. As sosiale wese is hy

aangewys op sy medemens vir sy opvoeding. Dit is noodsaaklik dat diegene wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van hul potensialiteite op die tye wat van belang is, met die betrokke individu sal verkeer - hulle moet hulle nie dan van hul onthou nie want juis dan is die sosiale omgang van kardinale belang - hulle moet gelyktydig met dieselfde aangeleentheid besig wees, maar ook met mekaar besig wees.

In sy skepping het die Skepper 'n sosiale orde ingestel. Daarom is daar in elke sosiale orde 'n rangorde van sosiale waardigheid en status. Só het in die blanke gemeenskap die dame 'n besondere plek ingeneem, sodat die gebruik „dames eerste" sterk inslag gevind het, terwyl juis die omgekeerde by die Bantoe van krag is. Hierdie sosiale voorrang wat aan bepaalde persone verleen word, speel 'n belangrike rol in die kultuurskeppende aktiwiteite van elke nasie.

3.2.12 <u>Die ekonomiese aspek.</u>

Die tyd oefen 'n besliste invloed uit op die waarde wat die mens aan dinge heg. In tye van oorvloed word nie veel waarde aan sulke artikels geheg nie, maar in tye van skaarste word dit gesog en duur en word dit op velerlei wyses bespaar. Só verkry byvoorbeeld antieke voorwerpe 'n bepaalde waarde, word dit opgepas en bespaar terwyl 'n moderne uitgediende meubelstuk eenvoudig weggegooi word.

Ook ten opsigte van sy kragte kan die mens besparend te werk gaan. In die voortgang van die mens het hy op bepaalde tye hulp in mindere of meerdere mate nodig. Indien dit op die korrekte tye gegee word, d.w.s. wanneer die behoefte daaraan bestaan, dan vind dit aanklank by die ontvanger en word waardeer. Oormatige en onnodige hulp word egter geensins waardeer nie en lei eerder tot frustrasie. Die aanbieding van hulp en selfs goedere is gebonde aan die tyd - dit moet aangebied word op dié stadium wanneer die meeste daarmee bereik kan word of wanneer die grootste behoefte daaraan bestaan.

3.2.13 <u>Die estetiese aspek</u>.

Die mens poog altyd om die harmonie in die ontwikkeling van sy kultuurgoedere te bewaar. Sy veranderinge put hy uit die reeds bestaande, of pas nuwe begrippe daarby aan, sodat dit binne sy kultuurpatroon inpas en daarmee harmonieer

of dinge wat daarmee in stryd is, verwerp.

Ook in die ontplooiing van sy eie modale funksies vorder die mens stap vir stap en geen funksie kan na behore ontsluit word sonder dat dit in harmonie met die ander funksies ontsluit nie. Elke funksie ontsluit onder leiding van die hoëre funksies maar indien die harmonie of volgorde van die modale funksies versteur word, lei dit tot wanopvoeding.

Kenmerkend van die mens in sy voortgang is dat hy soos ander mense wil wees - hy wil in al die verskillende ontwikkelingstadia van sy lewe altyd in harmonie met sy milieu leef.

3.2.14 Die juridiese aspek.

Die geldigheidsduur van fases in die ontwikkelingsgang van die mens is welbekend. Vir die kleinkind is vir 'n sekere tyd bepaalde dinge toelaatbaar, maar daarna word dieselfde dinge eenvoudig nie meer geduld nie. Vir elke fase waardeur die mens ontwikkel is daar 'n bepaalde tydsduur wat as gangbaar aanvaar word. (Vgl. Coetzee, 1960, pp. 113-216). Die kind kan nie te lank tiener bly nie maar mag ook nie te gou as volwassene probeer poseer nie. Hy is gebonde aan die geldigheidsduur van 'n bepaalde fase.

Die mens het ook die vermoë om sekere norme te aanvaar of te verwerp. In sy voortgang is die mens daarop aangewys om vir hom 'n waardestruktuur op te bou. Elke beginsel is egter slegs geldig as dit as hartsoortuiging aanvaar is. Sodra dit nie meer die geval is nie, het sy geldigheidsduur verval en word sy optrede nie meer daardeur gekenmerk nie.

Vir die Calvinis bly sy geroepenheid teenoor sy Skepper egter as permanente opdrag staan en die geldigheidsduur daarvan strek tot aan die einde van sy lewe.

3.2.15 Die etiese aspek.

Die mens is só geskape dat hy eenvoudig nie sonder die liefdesorg van sy medemens kan klaarkom nie. Weliswaar is daar tye wanneer hy op meer liefde en begrip aanspraak maak soos in tyd van teenspoed en weer andere waarin hy met minder liefdesorg klaarkom soos in tyd van voorspoed en sukses.

In die verskillende stadia van sy lewensgang maak die kind ook op verskillende wyses aanspraak op die liefde van sy ouer en medemens. Vanaf die kleinkindstadium waarin hy be-

swaarlik te veel liefde kan ontvang tot by die volwasse stadium waar 'n oordadige vertoon van liefde ongemak veroorsaak en onwelkom is, moet daar in die verloop van die tyd aanpassings gemaak word in die uiterlike vertoon van die liefde. Nogtans bly elke mens in elke stadium van sy lewe op die liefde van andere aanspraak maak. Daarsonder kan hy nie gedy nie.

3.2.16 Die geloofsaspek.

Namate die mens meer volwasse word, moet sy geloof in sy Oorsprong ook groei. In die verskillende groeistadia van die kind is die geloofsfunksie ook in mindere of meerdere mate ontsluit. By die jong kind is dit relatief maklik om hom van oortuiging te laat verander. Maar die volwassene laat hom nie meer so maklik beïnvloed nie. Sodra hy 'n bepaalde geloof en 'n bepaalde Oorsprong, as die ware aanvaar het, dit sy hartsoortuiging geword het, speel dit die prominente rol in al sy doen en late en rig sy ganse lewe. Met verloop van tyd groei dit al sterker en sal in tye van voor- en teenspoed, van geloofshoogtye of twyfel, altyd 'n beslissende rol speel in die lewe van die mens.

## 4. Die individualiteitstruktuur van die mens.

Die mens fungeer as objek in al die modaliteite, maar is ook soos al die ander skepsele, gebonde aan 'n hoogste subjeksfunksie waarin hy kan optree, naamlik die van die geloof. Omdat die geloof ook 'n modale funksie van die mens is, kan hy daarin ook as objek optree net soos in enige ander modaliteit.

Die mens is uniek - geskape na die beeld van God. Daarom kan hy as subjek fungeer in modaliteite waar geen ander ding as subjek kan fungeer nie. Die hoogste kwalifiserende funksie van enige ander skepsel is die psigiese. Die mens beskik egter nog oor 'n uitgebreide aktstruktuur wat hom in staat stel om in nog 'n wye reeks modaliteite as subjek op te tree. Hierdie aktstruktuur stel hom weliswaar in staat om al die ander geskape dinge sinvol te objektiveer en in sy diens te stel. Sodoende verkry die mens, as kroon van die skepping 'n eie identiteit en verhewenheid bo die ander skepsele en verkry hy die vermoëns wat hom geskik maak om 'n roeping te aanvaar.

Alhoewel hy oor die modale funksies beskik waaroor ding, plant en dier beskik, fungeer hy nie daarin op dieselfde wyse as genoemde dinge nie (vgl. Spier, 1972,p.74). So beskik die dier byvoorbeeld ook oor 'n psigiese funksie maar hy bly op instinkmatige wyse van sy sintuie afhanklik, terwyl die menslike gevoel onder leiding van sy aktstruktuur fungeer. As gevolg van antesiperende momente verkry hy 'n wye spektrum van gevoelsuitdrukking waaroor geen dier beskik nie. Dink byvoorbeeld aan gevoelens soos arbeidsvreugde, taalgevoel, kunswaardering, genot van sukses, ensovoorts (vgl. Spier, 1972,p.74). Selfs die sintuiglike gevoel van die mens openbaar 'n ander karakter as die van die dier (vgl. Van Wyk, Mensbeskouing, 1974,p.4; Spier, 1972,p.74).

Soos hierbo aangedui, kan die mens die geskape werklikheid objektiveer om dit in sy diens te stel. In sy liggaamlikheid kan selfs die mens geobjektiveer word. „Die mens het 'n subjeksfunksie in alle modaliteite en in sy liggaamlikheid objekfunksies in alle modaliteite"(Van Wyk, Mensbeskouing, 1974,p.4). Hy word sodoende tot „ding" gemaak en dit is daarom duidelik dat, indien dit nie onder leiding van 'n Christelik georiënteerde ekheid geskied nie, dit tot wanpraktyke lei.

Die mens verkry individuele betekenis binne samelewingsverbande, hetsy primêr (deur God ingestel) of sekondêr (deur die mens ingestel) (vgl. Van Wyk, Mensbeskouing, 1974,p.5). „Die ontsluiting van die mens se lewe geskied in same-lewing" (Spier, 1974,p.84).

Die individualiteitstruktuur van elke mens waarborg sy individualiteit, sy eenmalige eensoortigheid. Vanweë die wye verskeidenheid ante- en retrosiperende momente in die lewe van elke mens verkry sy lewe so'n ryke skakering van doen en late dat hy soos geen ander mens nie leef en werk. Hy kan met sy toerusting sy roeping aanvaar en met toerekenbaarheid sy plek binne 'n bepaalde samelewingsverband inneem. „So het 'n mens dan 'n eie individualiteitstruktuur. Hy is 'n individuele skepsel met 'n eie aard. So het elke mens dan 'n onherhaalbare onherleibare persoonlikheid" (Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p. 4)